


met die Bybelgenootskappe



JANUARIE

1 – 4 Jan

Guinee: Bid dat die Woord van God mense se harte sal bereik. Bid vir die Bybelgenootskap en dat die organisasie se werk 'n impak op mense sal hê en in hulle Bybelbehoefes sal voorsien.

Mali: Mali het 'n verskeidenheid landstale. Bid dat die plaaslike Bybelgenootskap bybelse beginsels aan die mense in hulle spesifieke moedertaal sal kan leer. Bid ook dat ons verskeie projekte mense nader aan die Woord van God sal bring.

Senegal: Die land worstel met heelwat uitdagings, insluitend geletterdheid. Bid dat God die Bybelgenootskap sal help om 'n verskil in mense se lewens te maak en om in hulle Bybelbehoefes te voorsien. Dank God vir die werk wat reeds hier gedoen is.

5 – 11 Jan

Gambië: Bid vir ons kinderen jeuguitreikprojekte. Bid ook vir die nodige fondse vir ons projekte en vir verbeterde infrastruktuur.

Sierra Leone: Bid vir die goeie vordering in die vertaling van die Nuwe Testament

in Sherbro en dat dit die behoeftes van die Sherbro, wat hoofsaaklik vissermanne en handelaars is, sal vervul.

Liberië: Bid vir vertalingswerk in hierdie land. Bid dat die Bybelgenootskap die mense met die Woord in hulle eie taal sal kan bereik. Bid ook vir die Dan Bybelvertaling.

12 – 18 Jan

Burkina Faso: Ons dank die Here vir die impak van die traumaberadingsprogram. Christene is in die minderheid in hierdie land en daarom bid ons dat baie meer mense Jesus sal leer ken. Bid vir ons

veiligheid aangesien ons oor die afgelope paar jaar terreuraanvalle beleef het.

Côte d'Ivoire: Bid vir ekonomiese stabiliteit in ons land en vir genoegsame fondse vir ons vertalingsprojekte. Bid ook vir die land in die aanloop tot die presidents- en algemene verkiesing later vanjaar.

Ghana: Bid spesifiek vir die Bono Bybelvertalingsprojek asook vir Bybelvertalings wat nog onderweg is. Bid vir die voorbereidings van die WBG se Wêreldvergadering wat in 2022 deur ons Bybelgenootskap aangebied word. Bid vir al ons projekte en aktiwiteite.

19 – 25 Jan

Togo: Bid dat Gods Woord mense se harte sal bereik. Bid vir die vertaling van die Ou Testament in Lama. Wanneer dit voltooi is, sal Lamasprekers vir die eerste keer 'n volledige Bybel in hul taal hê. Bid ook vir die vertaling van die Bybel in Kabiye.

Benin: Bid dat die bybelse boodskap 'n toenemende getal mense sal bereik. Bid dat die voltooiing van die Bybelvertaling in Gun glad sal verloop en dat dit sprekers van hierdie taal sal help om die Woord opnuut te ontdek.

Niger: Bid dat die Woord in die land versprei sal word en dat die mense se Bybelbehoefes aangespreek sal word. Bid vir die Bybelgenootskap se werksaamhede en vir die personeel se veiligheid.

Nigerië: Bid dat die Here vrede in die land sal herstel. Bid dat ons Bybelvertalings die lewens van Nigeriërs sal verander. Bid dat daar meer ondersteuning vir die Bybelsaak in ons land sal wees. Bid dat ons programme mense sal help om nader aan die Woord van God te beweeg.

26 Jan – 1 Feb

Gaboen: Bid dat die bybelse boodskap regoor die land sal versprei. Bid vir die nuwe vertaling van die Bybel in Omyènè. Die oorspronklike Bybelvertaling is reeds 90 jaar oud en 'n nuwe vertaling is broodnodig.

Sahelprojek: Dank die Here vir die Bybelwerk wat reeds gedoen is in hierdie oorwegend Moslem Afrikalande wat deel vorm van die Sahelgebied. Bid vir Bybelwerk in **Kaap Verde, Guinee-Bissau en Mauritanië.**

Tsjad: Dank die Here vir die werk wat reeds in hierdie land in Sentraal-Afrika gedoen is. Bid dat die plaaslike Bybelgenootskap geleenthede sal kry om vir almal, veral jongmense en kinders, bybelse beginsels te leer.

FEBRUARIE

2 – 8 Feb

Kameroen: Bid dat Bybelwerk die harte van die mense in Kameroen sal aanraak. Bid vir die verskillende werksaamhede

van die Bybelgenootskap, spesifiek vir die vertaling van die Bybel in Guidar. Bid ook vir Bybelwerk in **Ekwatoriaal-Guinee.**

Sentraal-Afrikaanse Republiek: Bid vir mense

wie se lewens omvergewerp is deur die burgeroorlog wat vir die laaste paar dekades hier gewoed het. Bid vir vrede in die land en vir die ontwikkeling van die Bybelgenootskap. Bid dat die herboeringsprojek van die Bybelgenootskap se hoofkantoor, wat in 2003 vernietig is, suksesvol sal wees.

São Tomé en Prinsipe:

Dank die Here vir die werk wat reeds hier gedoen is. Bid dat daar aan die Bybelbehoefes van die Christene wat hier woon, voldoen sal word.

Suid-Soedan: Daar is baie uitdagings wat die mense van hierdie land moet oorkom. Bid vir vrede in die land en vir die konstruksie van die Bybelsendinghuis.

9-15 Feb

Eritrea: Bid dat, deur Gods Woord, Bybelgenootskapwerk baie mense in hierdie veel-talige land sal bereik. Bid ook dat die Bybel beskikbaar sal wees in verskeie formate en vertalings om in behoeftes te voorsien.

Ethiopië: Dank die Here vir wat ons in hierdie land kon bereik danksy die verspreiding van God se Woord. Bid vir die Bybelgenootskap se projekte en dat dit meer mense nader

aan die bybelse boodskap sal bring.

Soedan: Soedan het baie uitdagings wat oorbrug moet word. Bid vir die verskillende bevolkingsgroepe en dat daar in hulle Bybelbehoefes voorsien sal word deur Bybelvertalings in hulle moedertaal, byvoorbeeld die vertaling vir die Otorosprekers.

16 – 22 Feb


Kongo (Brazzaville): Bid dat ons deur ons Bybelwerk die mense se Bybelbehoefes sal aanspreek. Bid vir ons werk aan die verskillende vertalings, veral vir die volledige Bybel in Beembe.

Kongo (Demokratiese Republiek van): Bid vir die Here se seën oor Bybelwerk in hierdie land. Bid vir al ons vertalingsprojekte wat poog om die Bybel vir mense, soms vir die eerste keer, in hul hartstaal te gee.

Tanzanië: Bid vir al ons Bybelgenootskapsprojekte. Bid vir die nodige fondse sodat ons vertalingsprojekte op skedule voltooi kan word. Bid dat hierdie Bybels 'n verskil in mense se lewens sal maak.

23 – 29 Feb

Burundi: Bid dat die Here Bybelwerk hier sal seën. Bid vir die Kirundi Studiebybel. Bid dat hierdie Bybel werklik 'n verskil sal maak aangesien Kirundi deur die meerderheid van die mense in ons land gepraat word.



Kenia: Bid dat die Here ons vertalingsprojek in Ma'di Noord sal seën. Bid dat hierdie Bybel met sy nuwe ortografie 'n verskil sal maak in die lewens van diegene wat met groot afwagting daarvoor wag.

Rwanda: Bid vir ons fondsinsamelingstrategie wat gebruik maak van die telekommunikasiemaatskappye wat in Rwanda werksaam is. Bid dat elke kerkganger finansiële tot die Bybelsaak sal bydra en dat meer fondse vir Bybelbetrokkenheidsprojekte beskikbaar sal raak.

Uganda: Bid dat God se Woord die harte van die hele bevolking sal bereik. Bid dat elke individu se Bybelbehoefes deur die Bybelgenootskap aangespreek sal word deur

die voorsiening van Bybels in verskillende vertalings en formate.

MAART

1 – 7 Mrt

Angola: Dank die Here vir alles wat reeds hier gedoen is. Bid dat die Bybelgenootskap 'n pakhuis sal kan koop waar Bybels gestoor kan word. Bid dat God wysheid aan die vertalers en hul gesinne sal gee sodat meer publikasies in die nasionale tale ontwikkel kan word om mense se harte met die Woord te bereik.

Malawi: Bid dat die Here Bybelwerk in hierdie land

sal seën. Bid dat die Woord deur middel van gepaste Bybelhulpmiddels die harte van mense en veral kinders sal bereik.

Zambië: Bid dat die Woord van God mense sal bereik en hulle harte sal aanraak. Bid veral dat ons vertalingswerk die bevolking se Bybelbehoefes sal aanspreek.

8 – 14 Mrt

Madagaskar: Die Bybelgenootskap het steeds baie struikelblokke wat oorkom moet word. Bid dat die plaaslike kerke die Bybelgenootskap se visie en missie sal deel. Bid ook vir die verbetering aan die infrastruktuur wat kan lei tot 'n toename in Bybelverspreiding.

Mauritius: Dank die Here vir die Bybelwerk op hierdie eiland. Bid dat daar in die Bybelbehoefes van die mense op hierdie eiland, asook op **Réunion** en **Rodrigues** voorsien sal word.

Seychelle: Bid vir potensieële donateurs wat ons projekte kan ondersteun asook vir die sukses van hierdie projekte.

15 – 21 Mrt

Botswana: Bid dat die mense van Botswana toenemend nader aan die Woord van God sal beweeg. Bid dat die Here ons sal help om die Bybelbehoefes van die mense, veral diegene wat

in die gemeenskap verstoot word, aan te spreek.

Mosambiek: Dank die Here vir die voltooiing en bekendstelling van die Bybelvertalings in Txitxopi en Elomwe. Prys die Heer vir die nuwe Bybelpakhuse in Maputo-Benfica en in Chimoio. Bid vir vrede asook vir politieke en ekonomiese stabiliteit in die land.

Zimbabwe: Dank die Heer dat ons verlede jaar die 80ste herdenking van die Bybelgenootskap kon vier. Bid spesifiek vir mense wat siggestremd is. Bid ook vir ons projekte en die impak wat dit op ons land se mense sal hê asook vir 'n toename in Bybelverspreiding.

22 – 28 Mrt

Eswatini (Swaziland): Bid dat God se Woord wyd in die land versprei sal word, veral onder jongmense en kinders.

Dank die Here vir wat die Bybelgenootskap tot dusver kon bereik.

Namibië: Bid vir die Bybelgenootskap se werk in 'n baie onstabiele ekonomie. Bid vir die nodige fondse vir die nuwe vertaling van die Bybel in Oshiwambo asook vir ander fondsinsamelingsinisiatiewe. Bid ook vir elke donateur, vennoot en vriend van die Bybelgenootskap.

Suid-Afrika: Dank die Here vir die 200 jaar van Bybelwerk in ons land. Bid vir die sukses van die *Jaar van die Bybel* en dat Christene meer met die Bybel sal omgaan. Bid vir die bekendstelling van ons nuwe vertalings in isiZulu en Afrikaans.

Lesotho: Bid dat die plaaslike Bybelgenootskap geleenthede sal kry om bybelse beginsels vir al die mense in die land te leer. Bid dat ons verskillende projekte mense nader aan die Woord van God sal bring.

